**Huiswerkvel 8 (Hoofstuk 4)**

**Lees onderstaande nuusberig en beantwoord die daaropvolgende vrae.**

## DRIE GENERASIES IN EEN HUIS: HERRIE OF HARMONIE?

Dis nie meer vandag snaaks vir drie generasies van families om onder een dak te bly nie. Soms is dit omdat hulle dit so wil hê en soms omdat dit nie anders kan nie.

Dikwels word families gedwing om grootouers in te neem. Die getal Suid-Afrikaners wat deesdae hul kinders sowel as hulle ouers moet ondersteun, neem vinnig toe. Hierdie grootmense word die toebroodjiegeslag genoem – hulle sit tussen hul ouers aan die een kant en hul kinders aan die ander kant. En hulle moet vir almal sorg.

Eers was saambly iets wat net in die platteland voorgekom het, maar nou raak dit al gewilder onder die middelklas in die meer gegoede woonbuurte in ons stede. Hierdie tendens om saam te bly, het baie voordele.

As ouers en grootouers geld inbring, kan ’n groter eiendom gekoop word.- Die “oumawoonstel”– ’n kleiner huisie teen of naby die hoofhuis – is baie gewild, maar sommige families verkies nog om deesdae saam in ’n baie groot huis met vier tot ses slaapkamers, twee leefruimtes en aparte ingange te leef.

In plattelandse gemeenskappe stel dit die werkende generasie ouers in staat om te gaan werk terwyl die grootouers na die kleinkinders kyk. Saamblyery bied dan nie net vir die grootouers ’n oplossing nie, maar ook vir die ouers en kleinkinders omdat hulle iemand byderhand sal hê wat met tuiswerk en naskoolsorg kan help.
Al sorg au pairs, babaoppassers en huishulpe goed vir kinders, moet hulle ook dikwels huis toe jaag om na hulle families om te sien. Om oumas en oupas beskikbaar te hê wat kan hand bysit, is net geriefliker en kan ook gerusstellend wees.

Daar is dikwels ’n tekort aan aftreeoorde en geriewe en ouer mense word baie maal afgeskrik deur die hoë koste daaraan verbonde. As ouer mense dan by hul kinders kan gaan bly, voel hulle geruster oor hulle oudag.

Wewenaars en weduwees kan ’n besige huislewe mis en dit eensaam vind as hulle alleen in hul huise agterbly.

Die voordele van saambly, is beslis meer as die nadele.
*[Aangepas uit: Beeld, 19 Julie 2015]*

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

VRAE:

1. Noem die DRIE generasies waarna daar in die opskrif verwys word. (3)

2. Watter woord word gebruik om ouers te beskryf wat ook nog na hul ouers moet kyk? (1)

3. Noem TWEE voordele elk vir:
3.1 grootouers wat by hul kinders gaan bly; (2) en
3.2 ouers wat hul ouers by hulle in die huis het. (2)

4. Waarom, dink jy, verkies families wat saambly, om twee aparte leefruimtes en ingange tot die huis te hê? (1)

5. Kies die regte antwoord.
Die "middelklas" waarvan ons in die leesstuk lees, is …

A gesinne wat in die middel van die stad woon.
B gesinne wat nie te veel geld verdien nie.
C grootouers wat bang is om alleen te bly.
D grootouers wat nie vir hulleself kan sorg nie. (1)

6. Gee EEN rede elk waarom dit vir ouers …
6.1 *gerieflik* is as daar grootouers is om na die kinders te kyk? (1)
6.2 *gerusstellend* is as daar grootouers is om na die kinders te kyk? (1)

7. "Daar is dikwels 'n tekort aan aftreeoorde en geriewe en ouer mense word baie maal afgeskrik deur die hoë koste ***daaraan*** verbonde." Waarna verwys die woord "daaraan? (1)

8. Lei uit reël 25 en 26 af wat die volgende woorde beteken:
8.1 wewenaar (1)
8.2 weduwee (1)

9. Wat noem ons die herhaling van die h-klank in die opskrif? (1)

10. "Herrie of harmonie". Watter een van die twee woorde pas by die strekking van hierdie leesstuk? Jy moet eerstens die woord wat jy kies verduidelik en dan sê waarom dit by die inhoud van die leesstuk pas. (2)

11. Watter probleem kan jy voorsien as Oupa en Ouma kinders moet oppas? Jy moet jou standpunt kan motiveer. (2)
TOTAAL: 20

Hierdie bladsy mag gekopieer word.